September 2022

# Stellenberger

## Om in die mees onverwagte omstandighede groei te beleef

**"I am not afraid of change; I am more afraid of staying the same. No problem can be solved from the same level of consciousness that created it" – Albert Einstein. Jim Rohn het weer gesê: "Your life does not get better by chance, it gets better by change."**

Ons glo dat ons hedendaagse bestaan deel uitmaak van die groter realiteit van God se koninkryk en dat ons voortdurend daarbinne deur God gevorm word, maar ons moet egter ontvanklik en bereidwillig wees om te verander. Op watter wyse is die Here dalk vandag besig om jou te omvorm en hoe word die mense wat daagliks om jou leef daardeur beïnvloed? Josef se verhaal in Genesis 37-50 bied aan 'n mens 'n interessante perspektief van hoe klein veranderinge in onverwagte omstandighede jou by 'n nuwe toekoms kan uitbring.

Vanaf 16 Oktober tot 6 November 2022 beoog ons om in besonder stil te staan by dié veranderinge wat God in ons teweeg wil bring, sodat ons as sy kinders sy koninkryk prakties kan help uitbou. Ons nooi jou graag uit om in dié tyd by die volgende aanbiedings in te skakel:



**Eredienste:** Kom beleef die ryke diversiteit van ons gemeente se lidmate. Tydens die vier Sondae vanaf 16 Oktober tot 6 November, wanneer die oggend- en familiedienste gesamentlik om 9:00 in die kerkgebou aangebied word, gaan ons aan die hand van Josef se verhaal op ons gemeentewaarde, om voortdurend te vernuwe, fokus. Die Annibrand-groepe (kategese) sal steeds tydens die feesmark voortgaan en na afloop van die oggenddiens in die kerk byeenkom. In die gees van die feesmarktyd gaan die Annibrand Junior-groepe ook op Bybelse feeste fokus. Kleuterkerk sal in die feesmarktyd, tydens die oggenddiens, in die feesmarktent aangebied word.

Vervolg op bladsy 2 . . .

**Bybelskool:** Die Bybelskoolkursus wat tydens Oktober- en Novembermaand aangebied word, sal handel oor hoe Paulus die uitdagings van verandering in die vroegste gemeentes moes hanteer.

**Gebed:** Sluit gerus by ons gebedsgroepe aan. Op Donderdagoggende om 06:00 kom die mannegebedsgroep in die markplein byeen en op Dinsdagaande om 18:30 ontmoet die asemskepgebedsgroep in die kapel.

**Dankoffer:** Op die laaste Sondag in Oktober begin die tradisionele tiendemaandinsameling. Oorweeg dit asseblief om buiten jou maandelikse bydrae, ook tot ons tiendemaandinsameling by te dra.

**Feesmark:** Die feesmark begin op Maandag 17 Oktober tot Saterdag 5 November. Besoek gerus die feesmark op weeksdae vanaf 10:00 tot 20:00 en Saterdae vanaf 09:00 tot 18:00. Nooi asseblief jou vriende en familie om die projek te ondersteun en saam met jou in die restauranttent 'n maaltyd te geniet.

**Familiefees:** Vanaf 18 tot 20 November word 'n familiefees met 'n gepaardgaande bedieningsmodel vir gesinne aangebied. Meer besonderhede oor die geleentheid sal nader aan die beoogde datum aan lidmate beskikbaar gestel word.

**Kerssangdiens:** Sluit op Sondag 27 November om 19:00 by ons Kerssangdiens in die kerk aan.

# Gerda stap . . .




**Gerda Engelbrecht, 'n jare lange lidmaat van die gemeente, is tans besig om vrou-alleen die Camino de Santiago af te lê. Dit is die vyfde keer dat sy die pelgrimstog aandurf. Sy stap die hele pelgrimsroete oor 'n periode van 40 dae en handhaaf 'n gemiddelde afstand van 20 km per dag.**


Gerda is 'n Media24-werknemer en blokraaiopsteller. As deel van haar pelgrimstog deel sy haar daaglikse wedervaringe deur middel van kort video-insetsels met die lesers van Netwerk24. Indien jy 'n intekenaar van Netwerk24 is, gaan kyk gerus na Gerda se plasings oor al haar belewenisse op die pelgrimstog. Dit is daagliks op die tuisblad van die Netwerk24-toepassing beskikbaar, of onder die leef-afdeling. Stellenbergers sal die oefenroetes wat sy ter voorbereiding van die pelgrimstog gestap het, dadelik op die video-opnames herken.

Sy is tans besig met die eerste derde van die Spaanse roete. Sy het in St. Jean Pied du Port weggespring en moes sommer op die tweede dag van haar tog die allemintige Pireneë-bergreeks oorsteek. Om deur wonderskone woude te stap, pragtige natuurtonele te aanskou en die ryk geskiedenis van die pelgrimstog eerstehands te beleef, is egter 'n ryke belonging.

Sodra Gerda tuis is, sal Stellenberger haar vra om haar wedervaringe meer breedvoerig met al ons lesers te deel.

# Danie Claassen handig fondse se tuig oor

**Danie Claassen het oor 27 jaar heen op die fondsekommissie gedien en was die grootste deel van sy dienstermyn boonop voorsitter van die kommissie. Stellenberger het met hom gesels oor sy prysenswaardige betrokkenheid in die gemeente. Danie en sy vrou, Carina, is sedert 1995 lidmate van die gemeente en hulle kinders, Anene en Daniel, het beide in die gemeente grootgeword.**



**Ongeveer hoe oud was julle kinders toe julle by Stellenberg-gemeente ingeskakel het?**
Anene was vier jaar oud en Daniel twee jaar oud toe ons na Eversdal verhuis het. Ons woon steeds in dieselfde huis waar ons toe ingetrek het.

**Wat onthou julle van daardie tyd in die gemeente?** Ons het vanuit die staanspoor net baie tuis in die gemeente gevoel. Ds. Koosie Delport was ons wykspredikant en Noelinesingel en Loreleiweg was baie aktiewe en betrokke wyke in die gemeente. Dit voel soos gister dat sowat 15 kinders uit Noelinesingel elke oggend die paadjie na Laerskool Eversdal te voet aangepak het.

**Wanneer het jy by die gemeente se fondsekommissie betrokke geraak?** Ek is gedurende 1995 as diaken vir ons wyk, met Gawie Eksteen as ouderling, verkies en is toe kort daarna by die finansies betrek. Ds. Bremer Gericke was destyds vir die kommissie verantwoordelik. In daardie dae het ons nog die kleinsaal tydens 'n kerkraadsvergadering vol gesit!

**Om vir soveel jaar voorsitter van finansies te wees beteken baie opoffering wat tyd en energie betref. Wat het jou gemotiveer om op die wyse by die gemeente betrokke te bly?**
Ek dien al sowat 27 jaar op die komitee, waarvan die grootste deel as voorsitter, maar is tussendeur, vir ongeveer nege jaar, ook deur Marius Saayman afgelos. Dit was vir my 'n groot voorreg om die gemeente op dié wyse te kon dien. My taak is vergemaklik deur die betrokkenheid van ds. Callie Visagie, wat vir baie jare die verantwoordelike predikant vir fondse was, asook Marguerite Bester, wat voorheen die finansiële bestuurder van die gemeente was. Die oop hande en harte van lidmate en 'n kerkraad wat nog altyd verantwoordelik en met afhanklikheid van die Here die beskikbare fondse aangewend het, was 'n deurlopende seëning.
Stellenberg-gemeente is werklik geseënd en bevoorreg om met die bronne tot ons beskikking weer vir ander tot seën te wees.

Vervolg op bladsy 4 . . .

**Die Covid-19-pandemie het 'n groot impak op kerke se finansiële funksionering gehad en daar is gemeentes wat die pandemie finansieel nie oorleef het nie. As gemeente is ons dankbaar vir die leiding wat ons fondsekommissie in daardie tyd gebied het. Hoe het die pandemie julle beplanning geraak?**

Ons het redelik vroeg in die pandemie besef dat daar 'n baie goeie kans is dat die feesmark nie sou plaasvind nie en moes noodgedwonge moeilike besluite neem ten opsigte van die bestuur van ons uitgawes, o.a. deur 'n tydelike vermindering in personeelsalarisse. Dit was vir my verblydend om te beleef hoe goed hierdie stappe deur die personeel ontvang is en ook hoe lidmate voortgegaan het om getroue rentmeesters te bly – al die eer aan die Here wat gesorg het!

**Aan wie gee jy die leisels by die fondsekommissie oor?** Marius Saayman het ingestem om tydelik in te staan en daar is nuwe lede op die komitee wat mettertyd sal oorneem. Solank ek kan, sal ek graag nog betrokke wil bly.

**Vertel ons 'n bietjie meer van die Claassens en julle voorliefde vir sport.** Carina en ek is al 35 jaar getroud. Ons het die voorreg gehad om saam 'n paar marathons te voltooi, waarvan twee ook Comrades-marathons was, een opdraand en een afdraand. Saam met die fietsryers in Noelinesingel het ons ook 'n paar Kaapstad-fietstoere afgelê. Ek kon Carina nog nie oortuig om gholf te speel nie, maar danksy jare lange vriendskappe wat in Noelinesingel gesmee is, het ek darem spanmaats byderhand wanneer ek gholf wil speel. Ek en Carina het oor die jare heen slimmer geword en stap nou eerder, maar ons twee kinders sit die voorliefde vir hardloop voort – Anene op die pad en Daniel in die berge.

E**k vermoed jy het meer diensjare by Sanlam as by die gemeente. Hoe lank is jy reeds daar in jou pos en beoog jy om ook binnekort daar uit te tree?** Ek werk al 30 jaar by Sanlam en het nog 'n paar jaar om te gaan voor ek die amptelike aftreeouderdom bereik – in hierdie stadium dink ek meer aan afskaal as aftree, want ek geniet dit om te werk.

**Indien werkverpligtinge verminder, waaraan sou julle graag meer tyd wou afstaan? Is daar items op 'n emmerskoplysie wat aandag gaan kry?** My ideaal sou wees om drie dae per week te werk, een dag aan die gemeenskap af te staan en nog boonop elke week 'n langnaweek te neem. As gevolg van 'n besering kan ek nie meer hardloop nie, maar daar is nog 'n hele paar gholfbane wat ek graag wil besoek en waarop ek graag 'n rondte wil speel. Ek en Carina geniet dit om te reis en in die natuur te stap – 'n berg en die see hou altyd vir ons bekoring in.

**Watter gemeenteaktiwiteite geniet julle die meeste?** Alhoewel ek soveel jare lank by die finansies van die gemeente betrokke was, was die hoogtepunt egter vir my die voorreg om saam met my kinders hulle geloofspad in die gemeente te kon stap – by die Sondagskool, die kampe en later ook die uitreike. Dit was kosbare oomblikke wat ek vir niks sal verruil nie en ek wil alle ouers aanmoedig om op hierdie wyse by hulle kinders se geloofsvorming betrokke te raak.

*Danie se kundigheid, temperament en toewyding was oor die jare heen vir die gemeente van onskatbare waarde. Ons is opreg dankbaar teenoor hom vir die tyd en energie wat hy aan die gemeente afgestaan het, asook teenoor Carina en die kinders dat hulle bereid was dat Danie sy tyd met ons kon deel. Dankie, Danie! | Marius Breytenbach*

# Feesmark: Volgrootte en vol verrassings






"'n Volwaardige, volgrootte feesmark word vanjaar aangebied," sê Karen Visagie en Lindy van Wyk de Vries, organiseerders. "Ons het soos in die verlede 'n volle 450 uitstallers en tente word weer ingespan om die uitstalruimte te vergroot. Die ingang na die mark sal by die markplein wees."

Karen en Lindy is opgewonde oor 'n hele aantal nuwe uitstallers, asook ou bekendes wat met splinternuwe produkte vorendag gekom het. Daar is heelwat mansprodukte vanjaar, wat hopelik die soektog na 'n geskenk vir die mans in die familie heelwat sal vergemaklik.

Die spyse het nie agterweë gebly nie en 'n groot restaurantarea met sewe verskillende kosstalletjies word vir vanjaar se feesmark ingerig. Twee van die kosstalletjies gaan onder andere pannekoeke en roosterkoeke met soet- en soutvulsels bedien. Die ander sal heerlike pizzas, bagels en gourmet burgers te ete aanbied. Daar is boonop ook iets interessants vir diegene wat van 'n uitheemse geur in hulle maaltye hou, met kosstalletjies wat Meksikaanse asook Indiese geregte gaan bedien. Vir diegene wie se eerste liefde steeds lekker boerekos is, sal die boerekosstalletjie daagliks ou gunstelinge voorsit.

'n Plaaslike skoonheidsalon gaan boonop salonbehandelings op die perseel aanbied. Diegene wat graag 'n behandeling by Salon Benisse wil bespreek, kan hulle tydens die feesmark in die jeuglokaal besoek om 'n afspraak te maak.

Die feesmark word vanaf 17 Oktober tot 5 November aangebied. Besoek die feesmark weeksdae vanaf 10:00 tot 20:00 en Saterdae vanaf 09:00 tot 18:00. Nooi gerus ook vriende en familie uit om die gemeente se jaarlikse en grootste fondsinsamelingspoging te ondersteun. Die feesmarkinkomste word vir die gemeente se werksaamhede benut en 'n derde van die inkomste word aangewend ten bate van projekte wat dienste aan minderbevoorregte persone lewer. Krediet-, debiet- en Kaapse Verbruikerskaarte, asook SnapScan kan as betaalmiddel gebruik word.

# Aksie Uitreik hou reünie

Deur: Retha van den Berg



**"Ons is nou almal wyser en gryser, en selfs 'n bietjie verbleik en gekreukel," was die kommentaar van een van die stuk of dertig oudlede van Stellenberg se Aksie Uitreik wat op Vrydag 9 September in die ou kafeteria byeengekom het. Ou uitreikvriende wat tussen 1990 en 2008 deel van Aksie Uitreik was, het mekaar herontmoet en gesellig saamgekuier oor 'n koppie koffie en 'n smaaklike hamburger.**

Ds. Carel van Wyk, oudleraar van die gemeente, het 'n seremonie waargeneem waar ons 'n kersie kon aansteek vir oudlede van Stellenberg se Aksie Uitreik wat ons reeds ontval het, asook vir dié van ons wat die reünie bygewoon het en al 'n geliefde deur die dood verloor het. Maar soos ons vir Carel ken, het sy aanbieding later in veel ligter luim oorgegaan met sy humoristiese vertellings van gebeure tydens uitreike. Soos die kat wat, terwyl hy die evangelie (in Engels!) probeer deel het, op sy skoot kom sit het en toe met vlymskep naels sy nylonbroek aan flarde geklou het.

Oom Mike Rossouw het ons weer eens laat rol van die lag toe hy vertel het van die kwaai hond wat net nie wou byt nie. By 'n huis waar hulle wou besoek aflê, het die huiseienaar sy hond op die uitreikspan losgelaat met die opdrag: "Sa! Vat hulle!" Om die een of ander rede kon die span darem vertrek sonder om raakgebyt te word. "Want as die Here die leeus se bek kon sluit vir Daniël in die Bybel, wat is hierdie ou hond dan nou?" het oom Mike vertel. Die uiteinde was dat die man die uitreikspan uiteindelik laat terugkom het, want, het hy gesê: "Julle het iets wat ek nog nie ervaar het nie." En hy het sy lewe aan Jesus oorgegee.

Ds. Koosie Delport weer, ook 'n oudleraar van Stellenberg, het verwys na die talle uitreike wat Stellenberg onderneem het. Hy vertel hoe hul tydens een uitreik met 'n Boesmanvrou oor Jesus gepraat het. Haar reaksie was eenvoudig: "Ek ken Hom! Ek het Hom gevat! Hy is al wat ek besit!" Ds. Koosie het ons ook daaraan herinner dat 'n mens net na jou hand kan kyk om die hele evangelie van die goeie nuus te verduidelik. "Die duim spreek van genade, die wysvinger wys na ons as sondaars, die middelvinger na God die Vader en die ringvinger na Koning Jesus en wat Hy vir ons kom doen het. Die pinkie is dan geloof, dit wat ons moet doen om genade te ontvang. Deur ons hand ontvang ons troos, maar ons maak dit ook oop om aan ander te gaan gee."

Vervolg op bladsy 7 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 6

Ds. Johannes Lata, wat dikwels saam met Stellenbergers uitgereik het, het vroeër in sy loopbaan 'n Xhosa-effektiewe-weergawe van EE3 opgestel. Hy het verduidelik dat geen lidmaat by sy gemeente kan aansluit voordat hul nie EE3 se opleiding oor hoe om die evangelie met ander te deel, ondergaan nie. "Per slot van rekening beteken dit dat jy moet weet dat jy seker is dat jy die ewige lewe het," het hy gesê.

Ds. Chris Bester, wat reeds dertig jaar aan EE3 Suid-Afrika verbonde is, het ons oortuig dat die evangelie die kernbesigheid van die kerk is, en die Woord ons kragstasie. Die Here bou sy kerk op die belydenis van gelowiges. Hy het meer vertel van al die programme wat EE3 beskikbaar stel, vir mense van alle ouderdomme (ook kinders), en vir alle kerke wat Christus bely. Meer spesifiek noem hy die program "Bemagtig Suid-Afrika" en "Project CallUp". As jy graag meer hieroor wil weet, gaan kyk gerus na die kleurvolle interaktiewe webruimte www.ee3.org.za.

Die herontmoeting was goed. Sal ou uitreikers mekaar ooit vergeet? Nie sommer nie – uitreik begin tog immers in die eerste instansie uitreik na mekaar.

| Retha en haar man, Johan van den Berg, is jare lange lidmate van Stellenberg-gemeente en was baie jare aan Aksie Uitreik verbonde.



# Ons groet vir Odette en Lindy

**Twee staatmakers, Odette Basson en Lindy van Wyk de Vries, verlaat dié kwartaal die kerkkantoor se diens.**



Foto Odette Basson (links) en Lindy van Wyk de Vries (regs).

Odette Basson was sedert 2015 onder andere verantwoordelik vir die gemeente se lidmaat-register – 'n kernfaset in die gemeenteadministrasie . Sy het seker gemaak dat die gemeente se databasis op datum bly deur alle lidmate se gegewens gereeld by te werk, asook om nuwe lidmate tot die databasis by te voeg. Dié besonderhede stel leraars in staat om ingelig en gerieflik met lidmate te kommunikeer en presies te weet wie amptelik lidmate van die gemeente is. Sy het ook alle doopaansoeke hanteer, asook kerkraadsbesluite noukeurig genotuleer en gereeld vuur gemaak onder kommissie- en bedieningsvoorsitters om die nodige terugvoerverslae betyds aan die uitvoerende bestuur te besorg.

Odette was in alle opsigte 'n gesoute raakvatter. Gereelde besoekers aan die kerkkantoor en al haar kollegas sal haar egter bowenal vir haar liefde vir mense, kenmerkende sin vir humor en kwinkslae onthou.

Lindy van Wyk de Vries was sedert 2018 as administratiewe assistant in die kantoor verantwoordelik om leraars se dagboeke te organiseer en het hulle met 'n groot verskeidenheid administratiewe take bygestaan.


Lidmate betrokke by die omgeekombuis, kosprojek, kafeteria en vele ander getuienisaksies, sou al met Lindy kennis gemaak het. Sy was ook eerstehands betrokke by die organisering van 'n groot verskeidenheid gemeenteaktiwiteite soos die basaar, die kafeteria wat Sondae aangebied word, die omgeetrust se veiling en laaste, maar nie die minste nie – die feesmark.

Lindy se aangename geaardheid, haar kreatiwiteit, organisasievermoë en voorliefde vir kleurvolle en treffende oorbelle, sal almal in die kantoor bybly.

Ons beste wense vergesel vir Odette en Lindy – twee baie geliefde kollegas wat oor die jare heen vir baie van ons vriendinne geword het. Mag julle albei God se ryke seën op julle onderskeie lewenspaaie wat voorlê, ervaar.

# Die teologie fakulteit is vol Stellenbergers




Van links: Erick Zulch, Christiaan de Klerk, Irving de Swardt en Mia van der Merwe.





Van links: Paul Heyns, Madelaine Strümpher en Tian Brand.

**Nie minder nie as sewe gemeentekinders is tans voltyds besig om voorgraads en nagraads aan die Universtiteit van Stellenbosch se teologiese fakulteit te studeer.**

Stellenberg-gemeente het jare gelede 'n erflating ontvang waarvan ons die rente kan gebruik om studente wat teologie studeer, finansieel te ondersteun. Die bedrag is egter klein en ons wil in die lig van studente se toenemende finansiële behoeftes aan 'n studiefonds begin bou. Die studiefonds sal deur die toerustingskommissie bestuur word.

Die kerkraad het ook aangedui dat daar voortaan jaarliks 'n deurkollekte-insameling ten bate van die gemeente se studiefonds sal wees. Lidmate wat ook individueel tot die studiefonds wil bydra, kan vir Marlise du Toit by die kerkkantoor in die verband kontak.

# Beseringstyd!

Deur: Rudolph van Schoor

**Hoe weet 'n mens dat jy in beseringstyd is en dat jy die een op die rugbyveld is wat mediese hulp nodig het?**




Dit is nie altyd so maklik om dit te besef nie en is dit dikwels die mense na aan jou wat dit raaksien en vir 'n mens moet sê. Onenigheid by 'n mens se werkplek, of 'n projek wat skeefloop a.g.v. jou eie swak konsentrasievermoë en uitbranding, kan ook soms die gewaarwording by 'n mens laat ontstaan dat alles nie pluis is nie. 'n Mens besef gewoonlik iewers in 'n helder oomblik dat dinge nie meer in balans is nie en dat jy nie meer heeltemal jouself voel nie. Die gevaar lê daarin dat ons hierdie aanduidings ignoreer.

Ons ignoreer die tekens van uitbranding, of enige ander psigiese ongesteldheid om verskeie redes. Dit is moeilik om aan jouself te erken dat jy nie meer alles op jou eie kan hanteer, of uitredeneer nie en dit is 'n tipiese reaksie om die tekens te ignoreer omdat jy bloot voel jy kan nie bekostig om soveel tyd aan jouself af te staan nie. Soos kliënte dikwels al vir my gesê het "Die werk kan nie stop nie. Die projek moet voortgaan."

Verder is een van die grootste redes vir ontkenning ongelukkig steeds die stigma wat daaraan verbonde is om hulp te vra. Ek vermoed dat die persepsie of prentjie wat ons het oor wanneer 'n mens hulp vra, baie anders lyk as die werklikheid daarvan.

Dit kom voor asof mense dink dat slegs 'n algehele psigiese ineenstorting, erge depressie, of onbeheersde angs, wat tot 'n kliniekopname lei, dit regverdig om hulp te vra. Dit lyk asof mense slegs langdurige selfdoodgedagtes en -planne, 'n konstante donker en neerdrukkende gemoedstoestand, ekstreme isolasie van mense, verlammende angs, of 'n onvermoë om te kan werk, as maatstaf gebruik om vir hulp te kwalifiseer.

Die werklikheid is dat daar heelwat vroegtydige tekens is wat 'n aanduiding gee dat jy dalk nodig het om 'n professionele persoon te spreek en as 'n klankbord te gebruik. Dan kan jy voorkomend optree, of iets wat reeds begin skeefloop, makliker hanteer en juis verhoed dat dit tot 'n algehele psigiese ineenstorting aanleiding gee.

Vervolg op bladsy 11 . . .

**Stellenberger**

**Samesteller:** Sanèl Joubert **Taalversorging:** Annemarie Spies

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal www.stellenberg.co.za

Evalueer gereeld jou eie lewe en funksionering aan die hand van die volgende:

- Slaap- en eetpatrone wat begin verander. Wanneer jy byvoorbeeld vieruur in die oggend wakker skrik en dan sukkel om jou gedagtegang tot bedaring te bring.
- Jy begin kos, alkohol, of koffie as hanteringsmeganismes gebruik. Party mense eet te veel en ander hou weer op met eet.
- Dit voel die heeltyd asof iets jou jaag, tot op die punt waar jy meestal angstig of paniekerig voel.
- Strydig met jou normale aard ervaar jy hoë vlakke van irritasie wat tot uitbarstings lei.
- Jy sukkel om by die werk, of in die klas te konsentreer en jy kom agter jy presteer nie soos altyd nie.
- Ou probleme of insidente uit die verlede wat jy al verwerk het, maak weer hul verskyning en ou wonde word weer oopgekrap.
- Dikdermspasmas, tamheid en konstante moegheid.
- ’n Fatalistiese uitkyk op die lewe.
- ’n Afname in algemene lewensgenot. Aktiwiteite wat voorheen plesier verskaf het, het nie meer dieselfde aangename uitwerking nie.
- Die konstante uit- en afstel van belangrike take en hierdie patroon is buite jou normale optrede.

Bogenoemde dien as ’n rigtingwyser. Die lys kan uitgebrei word, maar die kruks bly egter dat wanneer ’n mens nie meer in beheer of soos van ouds voel nie, het dit tyd geraak om ’n professionele persoon te spreek. Die strewe na balans bly die sleutel na algemene welstand.

| Rudolph van Schoor is ’n traumaberader en lewensafrigter verbonde aan die Stellenberg Terapiesentrum.


# Mi-Change-koeponne

Jy kan ook nou ’n verskil maak en op ’n verantwoordelike wyse hulp aan haweloses verleen. Mi-Change-koeponne is by die kerkkantoor beskikbaar. Koop ’n koepon teen R50 en skenk dit aan ’n hawelose persoon. Met die koepon kan die ontvanger by enige MES-sentrum ’n maaltyd, slaapplek, ’n stort en ’n kombers bekom.



# Die aanlyn bediening kry steeds aftrek

**Die gemeente se aanlyn bediening wat tydens die Covid-19-inperking noodgedwonge op dreef gekom het, word steeds baie goed ondersteun.**




"Ons ondervind dat eredienste wat weekliks direk uitgesaai word, deur gemiddeld 350 tot 400 persone aanlyn gekyk word," sê ds. Marius Breytenbach. "Die wonderlike van die aanlyn bediening is dat mense wat nie binne ons gemeentegrense woon nie, nou die geleentheid het om na ons eredienste te kyk. Ek het onlangs na een van ons oggenddienste 'n vrou ontmoet wat vir my vertel het dat sy eintlik op 'n Karoodorp woon, maar dat sy weekliks by ons aanlyn dienste inskakel. Sy het gesê dat sy sodoende deel voel van die gemeente en toe sy daardie oggend die geleentheid gehad het om 'n erediens fisies by te woon, heeltemal tuis en gemaklik tussen ons lidmate gevoel het."

Behalwe vir eredienste word die daaglikse geestelike dagstukke, wat deur die leraarspan saamgestel word, ook aanlyn beskikbaar gestel. Die dagstukke in geskrewe formaat, asook 'n stemopname daarvan, is op die gemeente se webwerf beskibaar en die stemopname kan ook op die gemeente se YouTube-kanaal geluister word. Die stemboodskap word ook per WhatsApp soggens aan diegene wat by die betrokke WhatsApp-groep aangesluit het, gestuur. Die dagstukke word daagliks deur 250 tot 300 persone geluister en dan word die geskrewe weergawe ook boonop deur heelwat mense gelees. Soos met die eredienste, word die dagstukke deur mense wat op ander plekke in die land en selfs buiteland woon, gelees en geluister. Sodoende het ons onlangs die mooi terugvoer van Marina Herbst, woonagtig in Indië, ontvang:

*Ek wil vandag dankie sê vir hierdie dagstukkies wat julle plaas. Ons is môre twee maande in Indië en hierdie boodskappe hou elke keer vir my 'n persoonlike betekenis in. Dis nie vir my maklik hier nie, ek verlang na my kinders en mense en ons pragtige berg, maar ek glo ons is hier geplaas vir 'n rede en om 'n verskil te maak waar ons nou is. Liefde en vrede vir julle.*

"Die kwartaallikse Bybelskoolkursus is ook aanlyn op ons webwerf en die YouTube-kanaal beskikbaar," sê ds. Breytenbach. "Indien jy dus nie die kursus kan bywoon nie, of dalk een byeenkoms misloop, is dit maklik om dit aanlyn te kyk of 'n sessie aanlyn in te haal.

"Die vooruitgang in tegnologie en die voorreg wat ons het om toegang tot die internet te hê, bied vir ons 'n splinternuwe bedieningsmodel, waarvoor ek, die leraarspan en eredienskommissie baie dankbaar is. Ek glo die aanlyn bediening gaan net aanhou groei en dit is baie duidelik dat ons voortaan altyd prioriteit aan dié bediening moet verleen.".

# Die Omgeetrust maak 'n verskil





Foto's van links: Lede van die Ruyterwacht dienssentrum, Zoar sopkombuis en die Elsiesrivier Care Centre.

**Die Omgeetrust is in 2008 deur gemeentelede gestig om verdienstelike naastediensprojekte aan te pak en finansiële steun aan hulle te verleen. Die trust se fokusareas sluit in:**

- Verlate, mishandelde en wees- of verwaarloosde kinders.
- Behoeftige senior burgers.
- Voorskoolse kinders.
- Persone met MIV/VIGS en hulle afhanklikes.
- Ondersteuning van ander PBO's met soortgelyke doelstellings.

Die trust is as 'n openbare weldaadsorganisasie (PBO) geregistreer en word deur onafhanklike trustees bestuur. Bydraes tot die trust kwalifiseer vir inkomstebelastingaftrekking. Stellenberg-gemeente verskaf administratiewe ondersteuning aan die trust.

Die trust ondersteun deurlopend verskeie projekte, maar plaas ook groot klem daarop om strukture te help skep in areas waar bestaande instansies reeds dienste lewer, maar dienslewering weens onvoldoende fondse nie uitgebrei kan word nie.

**Die volgende kapitaalprojekte is aangegaan:**

- Heaven's Gate Kinderhuis: Die omgeetrust het 50% van die koopprys befonds om saam met Shiloh 'n huis in Kraaifontein vir hawelose kinders in te rig. Daar word tans ses kinders gehuisves.
- Ruyterwachthuise vir seniors: Twee huise is in Ruyterwacht aangekoop waar hulpbehoewende bejaardes sonder heenkome, gehuisves word. Die huis word deur Ruyterwacht Senior Sentrum en Badisa bestuur en huisves tans 13 bejaardes.
- Alta du Toit Nasorgsentrum: 'n Fasiliteit van waar die nasorgsentrum herwinningsprojekte kan bedryf, is geskep. Dit bied 'n addisionele inkomste vir die sentrum en inwoners kan ook betrek word by die dag-tot-dag werksaamhede van die projek.
- Klipheuwel Voorbereidingskool: Klaskamergeriewe is met die hulp van die omgeetrust vergroot om meer kinders te kan akkommodeer. Die skool – in 'n arm en gebroke gemeenskap – is 'n uitsonderlike instelling van uitnemendheid.
- Prins Albert Voorbereidingskool: Die Sonneblomskool in Prins Albert is soortgelyk aan die een in Klipheuwel. Die skool is opgerig en ten volle funksioneel en akkommodeer tans 130 voorskoolse kinders. Onderwysers is almal woonagtig in die gemeenskap.

Vervolg op bladsy 14 . . .

**Kapitaalprojek ter oorweging:**

Fasiliteit vir haweloses: Huisvesting vir haweloses is ’n al groter wordende behoefte in die groter Durbanville-omgewing en die skepping van geskikte geriewe verg dringende aandag.

**Projekte wat deurlopend ondersteun word:**

- Prins Albert Voorbereidingskool: Salarisse van onderwyseresse.
- Mavusa-voedingskema, Limpopo: Projek wat 122 kinders voed.
- Ruyterwacht Senior Sentrum: Finansiële bydrae vir 230 bejaardes.
- Elsiesrivier-speelskool: Verskaf produkte vir 120 kinders.
- Zoar-sopkombuis: Voed 350 tot 400 persone, drie keer per week.
- Echo-jeughuis: Subsidieer die huur van die fasiliteit.
- Shiloh: Voedingsondersteuning aan TB- en vigspasiënte.
- Heaven’s Gate-kinderhuis: Befonds elektrisiteitsgebruik.










Foto bo links: Die Elsies Rivier Care Centre tydens ’n uitstappie.

Foto bo regs: Die huis in Texelstraat, Ruyterwacht waar senior burgers gehuisves word.

Foto onder links: Ruyterwacht Dienssentrum se koorlede.

Foto onder regs: Sopkombuis by Mavusa.